BLOEMFONTEIN BAPTISTE

**Datum:** ____________________

# Krag van die Nuwe Lewe – Vrygespreek

**Johannes 11:25-26**

Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; 26en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?"

## 1. Ons word Vergewe

**Hebreërs 10:10-18**

Volgens sy wil is ons heilig gemaak deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, eens en vir altyd. 11Elke priester staan wel dag vir dag en diens doen, en bring oor en oor dieselfde offers, wat nooit in staat is om sondes weg te neem nie; 12maar toe Christus vir altyd een offer ter wille van sondes gebring het, het Hy aan die regterhand van God gaan sit. 13Sedertdien wag Hy totdat sy vyande 'n voetbank vir sy voete gemaak word. 14Want deur een offer het Hy hulle wat geheilig word, vir altyd vervolmaak. 15Ook die Heilige Gees getuig teenoor ons; want nadat Hy gesê het, 16 "Dit is dan die Verbond wat Ek ná daardie dae met hulle sal sluit, sê die Here: Ek sal my wette in hulle harte gee, en dit op hulle verstand neerskryf," sê Hy ook: 17 "Aan hulle sondes en aan hulle wettelose dade sal Ek glad nie meer dink nie." 18Waar daar vergifnis hiervoor is, word 'n offer vir sondes nie meer gebring nie.

**1 Johannes 1:9**

As ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, en daarom sal Hy ons ons sondes vergeef en ons van alle kwaad reinig.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

## 2. Ons word Vrygespreek

**2 Korintiërs 5:21**

Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.

**Romeine 4:23-25**

Dat hy (Abraham) vrygespreek is deurdat hy geglo het, is nie net ter wille van hom opgeteken nie, 24maar ook ter wille van ons wat vrygespreek sal word, óns wat in God glo wat vir Jesus, ons Here, uit die dood opgewek het. 25Hy is vanweë ons oortredings oorgelewer en Hy is opgewek sodat ons vrygespreek kan word.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

## 3. Ons word Geregtig verklaar

**Romeine 5:1-2**

Omdat ons dan nou op grond van geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus. 2Deur Hom het ons in geloof ook toegang verkry tot hierdie genade waarin ons vasstaan, en ons beroem ons op die hoop om deel te kan hê aan die heerlikheid van God.

**Romeine 5:18-19**

Daarom dan, soos daar deur die oortreding van een mens veroordeling oor alle mense gekom het, so het daar ook deur die een mens se gehoorsame optrede vir alle mense regverdiging tot die lewe gekom. 19Want soos deur die ongehoorsaamheid van een mens baie mense tot sondaars gemaak is, so ook sal deur die gehoorsaamheid van die Een baie mense geregverdig word.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

## 4. Laat ons dan Heilig leef!

**Titus 2:11-13**

… die verlossende genade van God het verskyn vir alle mense, 12en voed ons op, sodat ons in hierdie bedeling **verstandig en regverdig en godvresend kan leef**, deur ***goddeloosheid en wêreldse begeertes te verwerp***, 13 **terwyl ons uitsien na die salige hoop en glansryke verskyning van ons groot God en Verlosser, Jesus Christus.**

**Efesiërs 4:21-24**

Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. 22Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. **23Julle gees en gedagtes moet nuut word; 24lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.**

**Romeine 12:1 – Die nuwe lewe in Christus**

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.

Here help my:

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

*Alle verse uit AFR83 behalwe as anders verwys*